KENNISGEWING VANUIT DIE REKTOR SE KANTOOR – SAPHE DOKUMENT

Goeiedag kollegas en studente

Aros is lid van SAPHE (South African Private Higher Education). Hierdie liggaam het (met ons ondersteuning) op 12 Mei 2020 'n skrywe aan die minister van hoër onderwys, dr Blade Nzimande, gestuur. In hierdie brief verwys die voorsitter van SAPHE, dr Felicity Coughlan, na die manier waarop die heropening van hoëronderwysinstellings benader en hanteer word. Die minister word daarop gewys dat private instellings voor 'n unieke situasie staan, wat met die heropeningsproses na die inperkingstyd in ag geneem moet word.

Dit is vir ons as instelling ook 'n uitdaging om toe te sien dat studente die akademiese jaar suksesvol sonder enige hulp van die regering voltooi. Ons is egter dankbaar dat dit tot dusver goed verloop het. Die regering ondersteun ons wel nie wanneer dit kom by data of toestelle wat beskikbaar gestel word nie. Daarom is dit vir ons belangrik om vroegtydig die kampus op 'n veilige en gestruktureerde manier te heropen. Sodoende kan ons verseker dat studente die nodige ondersteuning vanaf Aros ontvang om van hierdie akademiese jaar 'n sukses te maak.

Ons ondersteun die voorsitter van SAPHE se voorstel om die kampusse, soos in die geval van skole, in fases te heropen. Ons personeel en studente se veiligheid bly egter ons eerste prioriteit. Daarom sal ons, indien daar besluit word om te heropen, 'n deeglike aksieplan beskikbaar stel en uitvoer. Die doel hiermee sal wees om in samewerking met Gereformeerde Skool Dirk Postma die kampus se veiligheid sover as moontlik te verhoog. Die bestuurder van Fasiliteite en die menslike hulpbronbestuurder is reeds besig om 'n dokument op te stel en van die nodige toerusting is reeds aangekoop.

Ons glo en vertrou dat die minister van hoër onderwys die voorstel van SAPHE goedgunstiglik sal oorweeg en dat Aros, saam met ander private instellings, kan heropen. Die doel hiermee sal wees om die akademiese jaar op 'n verantwoordelike en veilige wyse te voltooi.

Ek sal u op hoogte hou rakende die uitslag van hierdie onderhandelinge met die minister van hoër onderwys.

By voorbaat dankie.

Prof PH Fick
Rektor
14 Mei 2020

T 012 332 3227/8
F 012 332 3266
E info@aros.ac.za
W www.aros.ac.za

Posbus 31120
Totiusdal, 0134
Dickensonlaan 1180
Waverley, Pretoria, 0186

Aros is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2012/HE08/001.